SOUTH AFRICAN PUBLIC LIBRARY
30 MAY 1950

**COLIN LOCKLEY**
EN KIE.
PLEINSTRAAT
STELLENBOSCH
*Spesialiteite in*
**VERGROTINGS,
KLEUR- EN ALLE
BUITEFOTOGRAFIE**

DIE
# Matie
TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
(Uitgegee onder beskerming van die V.S.R.)



Prys 13/6
**LUBBE**
vir Skoenherstelwerk en Sandale

Deel IV No. 87 VRYDAG, 26 MEI 1950 PRYS 3d.

# IDEAAL NOU BYNA VERWESENLIK

## Univ.-Raad Se Besluit Oor Langenhoven-Gedenksaal

**'n Groot studente-ideaal wat byna twintig jaar gelede in die vooruitsig gestel is, is op pad om verwesenlik te word. Die Universiteitsraad het besluit om die aanbou van die Langenhoven-gedenksaal te onderneem en om die geldelike verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Die studente word versoek om verder slegs fondse vir die meublement van die saal in te samel.**

**Hierdie besluit volg op 'n memorandum wat die Studenteraad aan die begin van April aan die Universiteitsraad gerig het en is 'n groot voorwaartse stap vir die oprigting van die saal. Dit beteken dat daar, na verwag word, binne die eersvolgende paar jaar 'n begin met die bou van die saal gemaak sal word.**

Die gedagte dat 'n saal ter ere van wyle sen. C. J. Langenhoven opgerig sal word, het reeds sowat twintig jaar gelede op Stellenbosch ontstaan. Sedert daardie tyd is fondse hiervoor ingesamel en die bedrag staan tans op 'n bietjie meer as £9,000.

Gemiddeld is daar dus sowat £500 per jaar ingesamel. Volgens skatting sal die saal, teen huidige pryse bereken, ongeveer £55,000 kos. Deur so voort te gaan, sou die beoogde som eers oor byna honderd jaar bereik kon word.



Mnr. Blessie Minnaar, tesourier van die Langenhoven-Gedenksaalkomitee.

### VAAGHEID

Die feit dat die gebou slegs 'n vae ideaal van die toekoms was, het onvermydelik 'n nadelige invloed op die insameling gehad en geesdrif gedemp. Intussen het geskikte persele ál skaarser geword. 'n Perseel moes spoedig verkry word.

Tot verlede jaar was die V.S.R. van mening dat hul die verantwoordelikheid vir die aanbou en instandhou van die saal op hulself moes neem. In 'n memorandum aan die Universiteitsraad is gevra dat 'n perseel aangewys moet word, maar weens vaagheid omtrent uiteindelike eienaars en ander aangeleenthede is niks bereik nie.

Daarop is die Landbou-unie van die winterreënvalstreek genader om 'n aandeel in die saal te neem. Daar is op 'n bydrae van £10,000 gehoop. Die Unie was egter nie daarvoor te vinde nie.

**Dit het duidelik geword dat langs hierdie ou weg geen oplossing te vinde is nie. Owerheidsteun moes verkry word en om dit te kry, moet die saal Universiteitseiendom wees.**

### MEMORANDUM

Ná grondige oorweging is besluite van verreikende belang geneem en 'n nuwe beleid gevolg. Die V.S.R. het besluit om 'n memorandum aan die Universiteitsraad voor te lê waarin aan die hand gedoen word dat die saal Universiteitseiendom word en dat die hele fonds aan die Universiteit oorgedra word. Hierin is die moontlikheid van regeringsubsidiëring genoem en word gevra dat die Universiteitsraad 'n perseel aanwys en 'n argitek benoem. (Die volledige memorandum word elders in ons blad gepubliseer).

Op 5 April vanjaar is die memorandum aan die Universiteitsraad gestuur en aan die begin van hierdie maand is 'n antwoord ontvang. Hierin word die voorsitter van die V.S.R. verwittig dat die Raad op sy sitting van 22 April die volgende besluite geneem het:

(1) Die Raad bring sy dank en waardering aan die studente oor vir die opofferinge wat hulle hulle in verband met die insameling van fondse vir die Langenhoven-gedenksaal getroos het en wens hul geluk met die behaalde sukses.

(2) Die Raad is bereid om die Langenhoven-gedenksaal op die eiendom wat in 1948 van die boedel van wyle mnr. Brückner de Villiers aangekoop is, op te rig.

(3) Die Raad onderneem die aanbou van die Langenhoven-gedenksaal en die studente word versoek om met die insamel van fondse vir die meublement van die saal en die studentegemeenskapshuis voort te gaan.

(4) Aansoek sal te gelegenertyd by die Regering gedoen word om op die pond-vir-pondstelsel 'n bydrae op die ingesamelde geld te doen.

(5) Dit word aan die Boukomitee opgedra om in oorleg met die argitek planne (met 'n beraming van die koste) vir die saal op te stel.

(6) Aansoek sal te gelegenertyd om 'n regeringslening vir die restant van die gebou gedoen word.

(7) Die bouafdeling van die Universiteit word vir die aanbou van die Langenhoven-gedenksaal beskikbaar gestel.

### GROOT SUKSES

Hierdie besluit van die Universiteitsraad — die grootste stap wat totnogtoe gevorder is in die verwesenliking van die ideaal van oprigting van die Gedenksaal — bring mee dat die som van £9,000 nou aan die Universiteit oorgedra word. Hiermee word die saalfonds afgesluit en word daar 'n begin gemaak met die Meubelfonds waarvoor £6,000 benodig word.

**„Groter sukses as wat die mees optimistiese Komiteelid ooit van kan droom, is behaal," het mnr. Danie Malan, voorsitter van die Langenhoven-gedenksaalkomitee in 'n onderhoud met DIE MATIE verklaar.**

„Die eer kom ons egter nie toe nie. Ons het slegs gebou op die stewige fondament deur al ons voorgangers gelê. Ons beloning is die wete dat die verantwoordelike taak aan ons opgedra, tot op hierdie stadium bevredigend afgehandel is," het mnr. Malan gesê.

Die ander lede van die Gedenksaalkomitee is mnr. Blessie Minnaar (Tesourier), mej. Elize Lindes (Sekretaresse), mnre. Gert Kruger, Francois Schreuder, Ján de Wet en mejj. Carin Meiring en Lauré Steinbach.

## ‚ALLES WAS IN DIE HAAK'

### Verslag Van Voorsitter Van Intervarsity-Komitee

**„‚Alles in die haak' is genoegsaam om uit te druk op watter wyse die reëlings in verband met Intervarsity verloop het." Aldus mnr. Ben Heyns in 'n onderhoud met 'n verteenwoordiger van DIE MATIE.**

Mnr. Heyns het gesê: „Die voorlopige reëlings soos Sangoefeninge, vervoer, kleredrag, décor en die toekenning van plekke is met prysenswaardige ywer deur die lede van die Intervarsity-komitee afgehandel.

Ons het 1400 plekke op die pawiljoen tot ons beskikking gehad, en nog meer voltooide stempelkaarte is ingehandig. Ons vertrou egter dat die toekenning van plekke algemene tevredenheid weggedra het.

Die studente verdien ook alle eer met die wyse waarop hulle die ingang by die hekke ordelik gehou het. Ook op die pawiljoen het die studente met groot selfbeheersing die lank begeerde oorwinning aanskou.

**Dit is egter te betreur dat sommige mense onordelikheid veroorsaak het, deur die plekke wat vir spelers gehou is, vir hulleself probeer toeëien het. Ons kan dit niks anders as onbeskoftheid en verwaandheid noem nie.**

### DIRIGENTE

As aanbevelings stel ek die volgende voor: Dat die twee hoofdirigente se bewegings wanneer hulle op die veld verskyn, vooraf vasgestel moet word. Dit is immers 'n tense moment, en dit moet met deftigheid en waardigheid verloop.

Ook wil ek aanbeveel dat die versiering aan die pawiljoen, en veral aan die pilare, in die toekoms met lapmateriaal gedoen word. Dit was 'n teleurstelling dat die wind die versierings so verwaai en vernietig het.

Wat die finansies betref, openbaar die voorlopige berekeninge dat daar 'n wins van ongeveer £40 tot £50 sal wees.

### DANKIE

Hartlike dank en waardering kom ook toe aan talle persone en liggame. Daar is veral die Intervarsity-komitee, die Stempelkomitee onder leiding van Tobie de Clercq, die mense wat gehelp het met die plektoekenning en verkoop van kaartjies en alle persone wat klere uitgedeel of andersins op die pawiljoen behulpsaam was.

Ook kom 'n spesiale woordjie van dank toe aan Con, Mike en Nell, asook die orkes, wat per slot van sake maar min van die wedstryd te sien gehad het.



*Danstabberd deur Frederick Starke, lid van die „London Model House Group"; net van koringblomblou synet oor ligroos sy. Spesiaal afgeneem vir Westminster ‚Petite'.*




„Jy is op pad na jou eerste groot party. Jy lyk pragtig maar jou selfvertroue sal jou af en toe 'n bietjie in die steek laat. As dit gebeur, moet jy net 'n Westminster ‚Petite' opsteek. In 'n oogwink sal jy jou selfvertroue herwin. Niks help soveel as 'n sigaret om jou ewewigtigheid te stut nie—maar moet dinge nie oordryf nie, kindjie, en bly by ‚Petite'—hulle is aangenaam sag, net reg vir die pouse wat kort is."

★ *Opnames wat verlede jaar die hele jaar deur gemaak is, toon dat meer vroue* WESTMINSTER ‚PETITE' *rook as enige ander sigaret.*

161

# Plek Wat Gedenksaal In Studentelewe Sal Inneem

**Die plek wat die Langenhoven-gedenksaal in die studentelewe sal inneem, blyk duidelik uit die memorandum wat vanjaar aan die Universiteitsraad voorgelê is. In die memorandum is daadwerklike voorstelle aan die hand gedoen vir die oprigting van die saal. Hierdie vorstelle is in geheel aangeneem.**

Met verwysing na 'n skrywe van die Rektor, gedateer 8 Junie 1949, lui die memorandum: „kan ons met genoeë meedeel dat ons tans in 'n posisie verkeer om 'n nadere voorstel i.s. die Langenhoven-gedenksaal aan die Universiteitsraad voor te lê."

Soos bekend is, word vir ongeveer twintig jaar reeds fondse ingesamel met die doel om 'n saal ter ere van wyle sen. C. J. Langenhoven op Stellenbosch op te rig. Behalwe 'n vergadersaal vir universiteitsfunksies en studente-aangeleenthede, is die gedagte dat die gebou ook 'n klein gallery vir Afrikaanse kunswerke moet bevat.

Verder behoort dit die middelpunt te vorm van die sosiale lewe van die studentegemeenskap, deur byvoorbeeld voorsiening te maak vir 'n studenteteekamer, ruskamers waar mense gesellig met mekaar kan verkeer, ontspanningsfasiliteite, asook kantore vir die Studenteraad.

**Hierdeur sal voorsien word in 'n dringende behoefte van die studentesamelewing, waarvoor daar deur die jare tot dusver nog maar min voorsiening gemaak is, 'n leemte wat al sterker gevoel word met die uitbreiding van die Universiteit.**

Volgens ons beskeie mening sal dit geen geringe bydrae daartoe lewer om Stellenbosch sy leidende posisie ten opsigte van die snelgroeiende Noordelike universiteite, waar op 'n vroeë stadium reeds voorsiening in hierdie opsig gemaak is, te laat behou nie. Indien op hierdie wyse die kern van 'n gesonde toekomstige studentelewe gevorm word, kan die waarde daarvan vir ons volk nog baie groot wees.

Ons voel derhalwe oortuig dat die tyd ryp geword het om praktiese stappe met die oog op die oprigting van die gebou te doen. Eenparig is besluit dat die gebou universiteitseiendom sal wees, en derhalwe sal, sodra 'n positiewe antwoord van die Universiteitsraad verkry is, die hele fonds, wat tans op £9,104/6/10 staan, aan die Universiteit oorgedra word.

Dis egter duidelik dat dit onder omstandighede totaal onmoontlik is om die gebou sonder regeringshulp op te rig, en daarom is navraag gedoen oor die basis waarop so 'n onderneming gesubsidieer word, en, indien nodig, die moontlikheid van 'n voorskot. 'n Afskrif van die antwoord van die Sekretaris van Onderwys, wat daarop neerkom dat die Regering in beginsel bereid is om £-vir-£ bydrae sowel as die nodige lening toe te staan, word hierby aangeheg, asook van die omsendbrief van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wat bepaal dat die werktekeninge voltooi en die totale koste so akkuraat moontlik beraam moet wees alvorens aansoek om steun gedoen kan word.

Om hierdie rede blyk dit tans noodsaaklik te wees om die perseel aan te wys en ook 'n argitek te benoem, sodat planne so spoedig moontlik opgetrek kan word. Beide hierdie sake laat ons met vertroue in die hande van die Universiteitsraad. Die begeerte is dat die Universiteit die administrasie van die bouery sal waarneem en dat die gebou opgetrek sal word deur die bouafdeling van die Universiteit.

Daar 'n ooreenkoms omtrent regte of servitute op die gebou ten gunste van die Studenteraad, administrasie van die beoogde teekamer ens., geen wesenlike verskil aan bostaande sal maak nie, kan dit tot 'n later stadium oorstaan.

**Ons is van oordeel dat die Studenteraad die plegtige versekering moet gee dat die gebou steeds op ordelike en gepaste wyse gebruik sal word, en dat daar in die toekoms die nouste samewerking met die kerk en ander verantwoordelike liggame sal wees, sodat moontlike botsings en stoornisse uitgeskakel kan word.**

Ten slotte kan daar net op gewys word dat die insameling van fondse die afgelope jaar erg nadelig beïnvloed is deur die feit dat geen sekerheid meer bestaan het oor wanneer die gebou uiteindelik opgerig sou word nie. Indien hierdie memorandum die gunstige oorweging van die Universiteitsraad geniet, mag dit onmiddellik 'n groot invloed op die insameling, wat intussen sal voortgaan, uitoefen, veral wat verdere skenkings deur goedgesinde liggame betref.



**Mnr. Gert Kruger wat vir die afgelope twee jaar leier van die Jan Pierewiet-Toergeselskap was, het sedert 1946 meer as 6,000 myl saam met die geselskap afgelê en aan 40 uitvoerings dwarsdeur die Unie deelgeneem. Die Jan Pierewiet-Geselskap het sedert 1938 die bedrag van £3,000 vir die beoogde Langenhoven-Gedenksaal byeengebring. „Ek beskou die ‚Jan Pierewiet' nie net as 'n middel om geld in te samel nie," het Gert aan ons gesê. „Dit doen ook kultuurwerk en ek sou graag wou sien dat alle Maties hierdie Geselskap moet propageer." Vanaf vanjaar sal die Geselskap onder mnr. Con Hofmeyr se leierskap toer.**

## Waar Gaan Gedenksaal Gebou Word?

Die Universiteitsraad het die eiendom wat in 1948 van die boedel van wyle sen. Bruckner de Villiers gekoop is, as perseel vir die Langenhoven-gedenksaal aangebied.

Hierdie perseel is net agter Huis-ten-Bosch geleë. Die Gedenksaalkomitee en die Uitvoerende Komitee van die V.S.R. is egter van mening dat die perseel nie sentraal genoeg geleë is om werklik as studentebymekaarkomplek te dien nie. Verder is daar ook die moeilikheid van parkeerplek.

(Bogenoemde liggame dring aan op die perseel tussen Wilgenhof en die woonstelle „Soete Inval" waar Wilgenhof se anneks „Hamelhof" tans staan). Daar is egter nog nie finaliteit oor hierdie saak bereik nie.

## VOLKSPELE-LAER

Vanaand om 7.30 hou die Volkspele-laer 'n byeenkoms in die Gimnasium-saal. Volgende Vrydagaand vind weer 'n byeenkoms plaas.

---

**Die Debatsvereniging kondig Interdebat met Wellington se Universiteitskollege op 9 Junie aan. Alle persone wat wil saamgaan moet dadelik hulle name by enige komiteelid inhandig. Reiskoste sal 1/- bedra.**

## PIONEER S.A. BALLET COMPANY TO PERFORM

**After a successful tour of Bloemfontein, Johannesburg, Port Elizabeth and Durban, the Cape Town University Ballet company, under the brilliant directing of Dulcie Howes, is to give a performance in the Stellenbosch Town Hall on Friday, June 2.**

This company, choosen with care, has achieved a high standard of dancing, as well as of music, costumes and décor, the latter designed by John Dronsfield. Among the principle dances will be Pamela Chrimes and Jasmine Honoré, as well as several talented newcomers to the company. Many former students are now dancing in overseas companies.

The ballet will be accompanied by a full orchestra under the direction of Mr. Walter Swanson. Mr. Swanson was musical director of the much-enjoyed Markova-Dolin season at the Alhambra, Cape Town, and contributed much to its success.

Among the four ballets promised Stellenbosch will be the ever-popular "Les Sylphides" and "Coppelia", the latter being a recent addition to the repertoire.

# Die Verligte Eeu Het Uiteindelik Aangebreek

**Die emansipasie van die vrou het ook op Stellenbosch 'n groot stap vorentoe gevorder. Die Universiteitsraad het ná jare van vertoë deur die Sentrale Dameskoshuiskomitee uiteindelik toegestem om 'n hele aantal van die beperkinge in die Reglement vir Dameskoshuise te wysig of te skrap.**

Jarelank word daar reeds pogings deur die Sentrale Koshuiskomitee aangewend om sommige maatreëls verwyder te kry op grond daarvan dat hulle nie by 'n Universiteit tuishoort nie. Hierdie pogings was egter nog altyd vrugteloos.

Onlangs het die Universiteitsraad egter 'n simpatieke gehoor aan die dames gegee. Dames wat as mondstuk van die Koshuiskomitee opgetree het, kon selfs persoonlik hul standpunt op 'n sitting van die Raad gaan voorlê en verdedig.

Vele vrugte is afgewerp deur hierdie besprekings en 'n aantal ou bepalings is geskrap, terwyl ander gunstig gewysig is.

Onder andere mag eerstejaardames nou ook sonder verlof hulle ligte later as 11 nm. laat brand. Dames mag ook nou na uitstappies, ens. gaan met verlof òf van die Prinsipale òf van die Primaria, mits hulle nie later as 11 nm. terugkeer nie.

Verder mag huiskomiteelede en enige kosganger wat 2 jaar suksesvolle naskoolse studie agter die rug het, enige weeksaand tot 11 nm. uitgaan. En dieselfde geld vir kosgangers met 1 suksesvolle studiejaar, behalwe dat hulle verlof van die Prinsipale of Primaria moet kry.

**Besoekure sal voortaan deur elke koshuis huishoudelik gereël word. Ook is die regulasies in verband met foonure geskrap, en in alle gevalle waar verlof alleen van die Prinsipale verkry kan word, kan dit nou ook van die Primaria verkry word.**

(Uiteindelik — met 'n lang sug agterna — kan ons die Dameskoshuiskomitee van harte gelukwens met die sukses op hul vertoë.—Red.)

## UITVOERING VAN MOZART-SONATES

Mozart-liefhebbers kry aanstaande Sondagaand weer die geleentheid om 'n uitvoering van Sonates vir Viool en Klavier by te woon. Die uitvoering deur Elise de Villiers (viool) en Esmé Steenkamp (klavier) begin om 8.20 nm. in die KONSERVATORIUMSAAL.

**Hierdie twee kunstenaresse het reeds met hul vorige uitvoering gewys waartoe hulle in staat is, en almal wat belangstel kan verseker wees van nog 'n baie genotvolle aand op 28 Mei.**

G.

## „KRYGSBUIT"

**DONDERDAGAAND: Die Intervarsity-komitee berig dat 'n ooreenkoms met Ikeys getref is dat hulle alles wat hul vóór Intervarsity van ons gebuit het terug sal besorg, mits ons belowe om op ons beurt alle buit terug te gee. Daar word dus versoek dat Maties wat in besit van enige Ikey-buit is (aandenkings, trofeë, klere ens.) dit onverwyld na mnr. Ben Heyns, Voorsitter van die Komitee, moet bring.**

# VSR-WERK SY STOKPERDJIE

DANIEL FRANCOIS MALAN, drie-en-twintigjarige V.S.R.-lid en voorsitter van die Langenhoven-gedenksaal-komitee is 'n Kapenaar van geboorte. Sy skoolopleiding het hy aan die Hoërskool Jan van Riebeeck en later aan die Hoërskool vir Seuns, Stellenbosch, ontvang. Op skool was sy grootste belangstelling in die natuurwetenskappe. Vanaf 1945 volg hy 'n kursus in Ingenieurswese aan die Universiteit en leef hy vir 'n paar jaar in Toegepaste Wiskunde en Teoretiese Elektrotegniek. Intussen het sy belangstelling egter geleidelik in 'n ander rigting oorgegaan en reeds lank vóór verwerwing van die graad B.Sc. het hy finaal besluit om van lewensrigting te verander. Vanjaar het hy met die B.A.-Admissie-kursus begin. Dit is slegs vanaf die begin van verlede jaar dat Danie aktief aan studentesake deelneem. Aan die einde van die jaar is hy vir die eerste keer tot V.S.R.-lid verkies. Wat die studentelewe op Stellenbosch betref, reken Danie dat die groot uitbreiding van ons Universiteit, toenemende studentegetalle en moderne leefwyse meebring dat die vroeëre ideale toestand van intieme kontak en samehorigheidsgevoel onder die studente ál meer verdwyn. Die studente is ál minder geïnteresseerd in sake van algemene belang en is geneig om slegs in 'n enge kringetjie te beweeg. Hulle ken mekaar skaars. „Daar is 'n groot behoefte aan 'n middelpunt vir die studente-samelewing, 'n studenteklub", sê Danie, „en in hierdie



behoefte behoort die Langenhoven-Gedenksaal en die beoogde gemeenskapshuis te voorsien." Verder is hy van mening dat die studentegemeenskap as geheel weer soos vroeër nie alleen in landsake moet belangstel nie, maar self 'n aandeel daarin neem. „Daar moet 'n stem van Stellenbosch uitgaan", sê hy. Die Debatsvereniging, reken Danie, is die sterkste instrument tot vervulling van Stellenbosch se vernaamste roeping om leiers te kweek — en moet weer 'n krag in die studentesamelewing word. Danie is sterk ten gunste van propaganda by V.S.R.-verkiesings. „Elke kandidaat moet 'n duidelike beleid hê", reken hy.

Danie se grootste belangstelling is die Wysbegeerte. Op skool het hy voetbal gespeel, „maar ek sal my nie juis as sportman bestempel nie." Hy is baie lief vir die veld en die buitelewe. Sy „stokperdjie", sê hy, is sy huidige V.S.R.-werk.

## Het u Geweet..

- **Dat die grootste bydrae tot die Langenhoven-gedenksaalfonds dié van die Jan Pierewiet-geselskap was? Hulle het altesaam meer as £3,000 bygedra.**
- **Dat die Juniors van 1949 die helfte van hul opbrengs (£200) tot die Fonds bygedra het?**
- **Dat die Juniors deur die jare heen bygedra het?**
- **Dat die A.N.S. ongeveer £1,500 bygedra het?**
- **Dat die Universiteit self meer as £2,000 ingesamel het?**
- **Dat die Stellenbosse Boereorkes £300 bygedra het?**
- **Dat verdere bydraes deur die Sangfeeskomitee, die ou Unie-Debatsvereniging en die Studenterade gedoen is?**
- **Dat skole dwarsdeur Kaapland tussen die jare 1935 en 1937 tot die Fonds bygedra het?**

GEBRS. HENDRIKSZ
Die Afrikaanse Slagter
Vir enige Vleis en Boerwors. Ook Tuisgemaakte Polonie.
Andringastraat - Foon 198

Besoek die
GOOD HOPE KAFEE
(Onder Nuwe Bestuur)
Probeer ons Spesiale Geregte van Roomys sowel as Maaltye

DIE
EIKESTADWINKEL
BEPERK
VIR
JONKHEER
BROEKE
ONGETWYFELD DIE BESTE

# Die Matie

**REDAKSIE**

**HOOFREDAKTEUR:** Mnr. Sas Strauss. (Wilgenhof, 0032).
ASSISTENT-REDAKTEUR: Mnr. Jacobus Olivier. (Wilgenhof).
HUUSREDAKTEUR: Mnr. Con Kruger. (Huis-Visser, 0053).
HUUSREDAKTRISE: Mej. Kina Botha. (P.S.O., 441).
SPORTREDAKTEUR: Mnr. Basil Blackburn. (Dagbreek, 0019).
Medewerkers: Mnre. Johan Bredell en Jan de Wet.
MUSIEK EN KUNS: Mej. Louie Kritzinger. (Huis-de-Villiers, 0039).
SPOTPRENTTEKENAAR: Mnr. Schalk Burger. (Wilgenhof).
VERSLAGGEWER: Mnr. Nico van der Merwe. (Huis-Marais, 0046).

**ADMINISTRASIE**

ALGEMENE SEKRETARIS: Mnr. Jan Viljoen. (Huis-Visser).
TESOURIER: Mnr. Johan Streicher. (Helderberg, 0045).
ADVERTENSIEBESTUURDERS: Mnr. Hofmeyr Scholtz, (Helderberg) en mej. Kina Botha.
SIRKULASIEBESTUURDER: Mnr. Pikkie Baard. (Wilgenhof).

STELLENBOSCH, VRYDAG, 26 MEI 1950


# DIT IS ONS DEEL

Bykans twintig jaar gelede — so lank gelede dat die oorsprong daarvan nie met sekerheid vasgestel kan word nie — het die gedagte aan oprigting van 'n monument in die vorm van 'n gedenksaal vir wyle Senator C. J. Langenhoven op Stellenbosch ontstaan. Dit was 'n mooi gedagte; 'n meer gepaste monument vir Langenhoven as 'n gemeenskapsentrum vir die jeug wat soveel aan hom te danke het, is moeilik denkbaar. Om 'n monument op te rig wat een van die skitterendste figure wat Stellenbosch opgelewer het, waardig sou wees, was 'n reusetaak wat 'n studentegemeenskap sigself opgelê het. Daar is besef dat dit 'n taak was wat nie binne enkele jare afgehandel kon word nie.

Daarom het die idee 'n ideaal geword — iets waarvan die verwesenliking alleen in die verre toekoms sigbaar was. Hierdie ideaal van 'n Langenhoven-gedenksaal het by die Stellenbosse studente ingeburger geraak. Soms het dit gekwyn. Mense het begin vra of dit die moeite werd was om aan 'n skynbare onbereikbare ideaal te bly kleef. Daar is selfs gevra of die Langenhoven-gedenksaal werklik nodig is. Maar die ideaal het bly voortleef. Klein groepies studente het, dikwels in die stilte, daarvoor gewerk en daaraan geglo. Hul moeite was nie tevergeefs nie.

Die besluit van die Universiteitsraad om die aanbou van die Gedenksaal te onderneem het die verwesenliking van die ideaal meteens na die onmiddellike toekoms gebring. Deur hierdie swaar finansiële las van die skouers van die studente te neem, bewys ons Universiteit weereens dat die geestelike welsyn van diegene wat aan sy sorg toevertrou is, hom ewe na aan die hart lê as hul verstandelike ontwikkeling.

Geheel en al is ons egter nie van die verpligting wat ons selfopgelegde taak van ons geëis het, onthef nie. Die Universiteitsraad het met die baie redelike versoek gekom dat die studentegemeenskap voortgaan met die insameling van geld om sodoende 'n fonds van £6,000 vir die aankoop van meublement vir die saal op die been te bring. Dit is ons plig om binne ses jaar die verlangde bedrag byeen te kry. Dit beteken dat ons moet poog om soveel as £1,000 gemiddeld per jaar in te samel. Maklik sal dit sekerlik nie wees nie. Maar dit kan gedoen word. Ons dink aan die skitterende voorbeeld van een enkele onderneming — die Jan Pierewiet-Geselskap — wat op eie inisiatief £3,000 vir die Gedenksaal geïn het; aan verlede jaar se Juniors wat die helfte van hul opbrengs in die Fonds gestort het.

Daar moet nou aan die werk gespring word vir die nuwe Meubelfonds. Die aktiewe steun van die studentegemeenskap as geheel word vereis. Alle organisasies wat kan bydra, moet hul uiterste gee. In die vervolg moet op Stellenbosch vir hierdie doel alleen ingesamel word. Die Gedenksaal-komitee van die V.S.R. sal op sy beurt steun van elders probeer kry.

**Ons werk vir 'n saak vir onsself, vir ons eie Universiteit. Ons werk ook vir 'n volksaak: die verering van een van ons groot manne. Laat ons hierin saamstaan en weereens wys waartoe ons in staat is.**




Die Uitvoerende Komitee van die V.S.R. en die Langenhoven-Gedenksaalkomitee reken dat die mees geskikte perseel vir die aanbou van die saal dié tussen Wilgenhof en Soete Inval is. Ons spotprenttekenaar skyn dieselfde mening toegedaan te wees!

# Onwaardige Optrede En Onbeleefdheid Op Gradedag

**Mnr. S. W. van Niekerk, Sarel Cilliers-straat, Die Strand, skryf in 'n brief aan die V.S.R.:**

Met die Gradeplegtigheid aan u universiteit Desember 1949 het daar iets voorgeval wat my baie teleurgestel het en ek het reeds toe besluit om dit aan u te noem, dog daarmee te wag tot die ingang van die nuwe jaar.

Ek het as besoeker in die middelblok gesit, byna onmiddellik agter die agterste ry studente wat grade sou ontvang en dit het my besonder gehinder en gegrief dat so 'n hele aantal studente dwarsdeur die plegtigheid sit en rook het d.w.s. van die studente wat grade sou ontvang. Hulle het nouliks hulle plekke ingeneem of hulle het begin rook en hulle het aanhoudend gerook tot hul opgeroep is om hul grade te ontvang en pas terug in hulle plekke het hul weer maar begin en aangegaan.

Dit was 'n kleiner minderheid wel, maar al maak een swaweltjie nie somer nie, bederf een vlieg darem die apteker se salf. Daar was egter nie minder as 'n twintigtal wat hulle aan hierdie ongepastheid skuldig gemaak het nie en hulle het getel veral uit studente van die fakulteite Landbou, Bosbou, Regte, Ekonomie en Ingenieurswese.

Ek was geskok oor die gebrek aan beleefdheid teenoor u Kanselier, u Rektor, u doserende personeel om nie van die publiek te praat nie. M.i. het dit 'n gebrek ook aan selfrespek verraai en was dit die geleentheid onwaardig. As oud-student wil ek u nou vriendelik versoek om maatreëls te tref om rokery en ander ongepaste gebruike by die plegtigheid te voorkom.

Behalwe wat ek reeds daaromtrent gesê het, is sulke gebruike by sulke besondere geleenthede skadelik vir die goeie naam van ons universiteit en die goeie naam van die hele studentegemeenskap.

Ek vertrou dat u my skrywe sal ontvang as uit goeie bedoelinge gemotiveer.

N.S.—Eers wou ek 'n afskrif van hierdie brief aan die Rektor stuur maar my vertroue, dat die studente self vir vanjaar en vir die toekoms die saak sal regmaak, maak dit onnodig.

## STEM VAN DIE „GALLERY"

**Mnr. Gert Möller, Birdstraat 73, skryf:**

Met Intervarsity het ons die Ikeys kafgesing en bewys dat ons „sing-songs" 'n doel het. Tog het baie van ons met vanjaar se sangoefeninge besef dat ons willoos aan die Groot Tydmors van 1950 deelneem.

Ons grootste „vermaak" was eintlik die byklankafdeling: die gallery (of is dit, **heldery?**). Aangevuur deur eiemondige toejuiging is daar deur hulle 'n groot verskeidenheid sonore vertolkings gelewer. Wonderlik, die samewerking tussen brein en stembande! Uitermate pittige opmerkings was aan die orde van die aand, dinge soms so „fyn" gesê dat die dames nie kon help om naels te byt, en te maak of hul nie hoor nie. Selfs een van ons dominees moes na hierdie element in ons sangoefeninge verwys. Die hele sinkplaat-koor het hul so intens in die „shine-vang"-kompleks ingeleef, dat slegs die dirigent se paaiwoordjies — die stropies aan die fopspeentjie — hul kon laat bedaar.

Ek is 'n volbloed Junior, maar as die stem van die gallery en dié van die Juniorgees één is, is ek jammer dat ek my nie vir so 'n misplaasde entoesiasme vatbaar gevoel nie. Nee, dit het tyd geword dat die „bevoegdhede" van die gallery in hersiening geneem word.

## U SKRYF — ONS LEES

## Baie Dankie

**Die Redaksie wil graag baie dankie sê aan mnr. W. P. van der Merwe van Men's Residence, Kaapstad, vir die moeite wat hy gedoen het om die boodskappe van die Ikey-kaptein en -dirigent met Intervarsity in die hande te kry. Hartlik dank ook aan mnr. Wrensch Louw wat sy vragmotor vir die verkopers van DIE MATIE in Ikeyland tydens Groot Brag beskikbaar gestel het. Ons waardeur u vriendelike hulp.**




*Sekerlik, Meneer!*

*Ons sal dit onmiddellik aflewer! Van der Stel's vir diens! Ons is goed voorsien van Suid-Afrikaanse en ingevoerde wyne, spiritualieë, moutdranke, likeurs en bruisdranke. En as u besondere bestelling nie voorradig is nie, sal ons ons bes doen om dit vir u in die hande te kry—gou-gou. Maak 'n nota van ons telefoonnommer. Dis 94. Tot siens, meneer!*

**VAN DER STEL-DRANKWINKEL**
**TELEFOON 94 - STELLENBOSCH**

**MATIES!!**
Laat 'n **oud-Matie** u met raad bedien in die keuse van u benodigdhede.
**VISSER EN VAN GASS**
**DAMES UITRUSTERS**
**PLEINSTRAAT**

**NOU WEER IN VOORRAAD:**

| | |
|---|---|
| Gibran — The Prophet ... ... ... ... ... | 8/6 |

**NUWE BOEKE ONTVANG:**

| | |
|---|---|
| The Evil That Men Do — Benjamin Bennett | 12/6 |
| Let Love Come Last — Taylor Caldwell ... | 10/6 |
| Guard of Honour — James Gould Cozzens ... | 12/6 |
| The Kon — Tiki Expedition — Thor Heyerdahl | 12/6 |
| Dynasty of Death — Taylor Caldwell ... ... | 12/6 |
| Great Short Stories of the World — 1072 Pages, 178 Stories ... ... ... | 15/9 |
| Little Squire Jim — Robert K. Marshall ... | 7/6 |
| You Never Know Till You Get There — Henry Longhurst ... ... ... ... | 16/- |

**UNIVERSITEITSUITGEWERS EN -BOEKHANDELAARS (EDMS.) BPK.**
Pleinstraat, Posbus 29
STELLENBOSCH


DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.

# Maties Kon Ikeys Nie Tweede Keer Klop

## *Speel Darem Gelykop*

**Voor 'n groot skare het die Maties Woensdag op Coetzenburg net-net daarin geslaag om gelykop te speel teen Ikeys. Dit was in die laaste oomblikke van die wedstryd.**

Stephens het Stellenbosch se telling deur 'n mooi drie op 6 te staan gebring terwyl U.K. se telling 8 was. Bramie Coetzee het die baie belangrike vervyfskop waargeneem. Die bal het suiwer tussen die regop pale deurgetrek, en die eindfluitjie het geblaas nog feitlik voor die bal grondvat, met die wedstryd gelykop: U.S. 8, U.K.8.

**Die Ikeys was bepaald ongelukkig dat hulle nie as oorwinnaars van die veld gestap het nie. Robinson, U.K. se heelagter, het 'n strafskop van skuins voor die pale, teen een van die regop pale vasgeskop.**

Verder het die Ikey-voorhoede die meesterskap gehad in feitlik alle afdelings van die spel. Op een stadium het hulle 6 skrums na mekaar gewen.

Alhoewel Verwey en Pickard mooi gespring het in die lynstane, het die bal tog selde aan Stellenbosch se kant uitgekom.

Hamman, daarenteen, het telkens die bal bemeester en aan Lockyear, U.K. se skrumskakel, besorg, met die gevolg dat Fry keer op keer sy span op die aanval gebring het met lang buiteskoppe.

Stellenbosch se agterlyn het nie die nodige slaankrag gehad en het byna nooit baie gevaarlik gelyk nie. Die paar uitsonderings was toe Watson op die vleuel die bal omarm het en oop-en-toe op U.K. se doellyn afgestorm het. **Dit was 'n raaisel hoekom sy senters die bal nie meermale vir hom gegee het nie.**

Op die verdediging het ons egter weer die Bramie Coetzee van ouds gesien. Dit was 'n lus om hom onder sy teenstander te sien inseil en vier stewels in die lug duik.

Die wedstryd was skaars twee minute aan die gang of die Ikeys oortree en Nortje stuur die bal hoog deur die pale. Hierna het 'n periode van voorspelerspel wat heen en weer tussen die twee kwartlyne gewoed het, gevolg. Skielik het die Ikeys na regs beweeg en een van hul voorspelers het in die hoek oorgegaan vir 'n drie. Butler het vervyf van die kantlyn af en U.K. het 5—3 voorgeloop.

Ná rustyd het die Ikeys op die aanval geboer en die Maties het slegs sporadiese aanvalle geloods. Van 'n steekskop het Butler die bal opgeraap en byna deurgehardloop. Van die die daaropvolgende skrum, het Fry die bal uitgeslinger na Johnstone, wat vir 'n drie oorgegaan het.

Hierdie terugslag het die Maties aangevuur en U.K. moes inderhaas agter hulle eie doellyn dooddruk. Weer het die spel verskuif na Stellenbosch se kwartgebied en dit was toe dat Röbinson die bal teen die regop paal vasskop. Dadelik was die Maties op die bal en vorder daarmee tot naby die Ikeys se doellyn.

'n Vaste skrum is naby die Ikeys se doellyn gevorm. Toe die Maties hak, het Stephens die gelykmakende drie, wat deur Bramie Coetzee vervyf is, 'n paar oomblikke voor die eindfluitjie geblaas het, gedruk.

# MATIE-BOKSERS KWYT HUL GOED VAN TAAK

Ses Matie-boksers het verlede naweek na Johannesburg vertrek om deel te neem aan die Inter-universitêre bokskampioenskappe.

Weens die naderende Junie eksamens, kon sulke staatmakers soos I. Truter, J. Swanepoel en J. van Vuuren nie saamgaan nie en die volledige span was dus as volg: J. Steyn, H. Louw, R. Smit, I. Bouwer, S. Bayer en T. Woodcock.

**Hierdie klein maar stoere bende Matie-boksers het hulle besonder knap van hul taak gekwyt, en nie minder as vier het deurgedring na die eindrondes nie.**

Hennie Louw, wat eintlik 'n middelgewig is, het gesorg vir 'n eersterangse verrassing deurdat hy vir P. van Aswegen, die 210 lb. Pretoriase swaargewigkampioen, in die derde ronde met 'n tegniese uitklophou gewen het.

**KENNISGEWING**

HERREGISTRASIE VAN VERENIGINGS

Alle verenigings wat erkenning van die V.S.R. verlang of wat alreeds erkenning van die V.S.R. ontvang het en nog as vereniging erken wil word, moet voor 6 nm. op 3 Junie 1950, skriftelik aansoek doen by die voorsitter van die Sang- en Verenigingskomitee, mej. Laura Haddad (Monica).



Nimmer sal ons die dag vergeet nie! Gespanne sit hierdie Maties en kyk hoedat ons vyftien man die wraak neem — na sewe lange jare.

# INTERVARSITY-EPILOOG

*Deur Dr. Danie Craven*

*Ons is nog steeds almal bly oor die uitslae van Intervarsity, want ons het goed gespeel, goed gesing en ons goed gedra. Ons het rede om trots te wees, rede om hierdie Intervarsity vir die res van ons lewe te onthou.*

*Die helfte van Suid-Afrika is bly en hulle is somaar baie bly. Nog steeds kom briewe en gelukwense wat getuig van die uiterste vreugde. Hulle en ons almal sê vir die Maties baie dankie vir die suksesvolle optrede oral waar Maties moes optree. Ons sê vir julle dankie vir daardie goeie gees in die spanne, 'n gees wat sy oorsprong in die klub het en vandaar die spelers besiel; ons sê dankie vir daardie moed en volharding toe dinge tydelik swart gelyk het en ons sê vir julle dankie omdat julle so 'n goeie advertensie vir ons Alma Mater was. Al verloor ons miskien in die nabye toekoms — Intervarsity is gewen en niemand kan ons van daardie vreugdevolle oorwinning beroof nie.*

# B.T.Kaners Hou Panorama-Uitstappie

Helder sonskyn en pragtige uitsigte het bygedra om die onlangse Panorama-uitstappie van die B.T.K. na Jonkershoek baie aangenaam te laat verloop.

**Die „Panorama" is een van die mooiste en mees belonende uitstappies wat die B.T.K. nog ooit gehad het. Ongelukkig was dit duidelik dat Saterdag se B.T.Kaners nie almal in die regte gesindheid gegaan het nie.**

Dat 'n mens nie rustig tot stilstand kan kom by die aanskoue van 'n mooi toneel nie, wys dat jy dit nie reg kan waardeer nie. En om te waardeer, is ook om dankbaar te wees. Die een wat dit nie besef nie, behoort homself af te vra hoekom hy dan gaan bergklim.

H. N.

# GAMAT IS NIE DRAADSITTER

**Telegramme en briewe van gelukwensing aan die Maties het let..rlik ingestroom ná Intervarsity. Onder andere was daar telegramme van mense soos dr. Pierre Albertyn, oud-Springbok, dr. G. Cillie (snr.), mnr. Phil Weber, redakteur van „Die Burger", en andere.**

Entoesiasme het geensins ontbreek nie. Gamat het ook 'n telegram gestuur: „Baie geluk oorwinning al die Basies. Ek het nie op die draad gesit nie. Who's that boy u bediener — Gamat."

Mnr. Koos Meyer, bekende gewese grapmaker van Stellenbosch, het ook sy stem laat hoor. „Demmit julle boys ken darem maar die game. Stuur 'n mar baar swaar. It's never too lyte too selebryt — Bothaville Bere".

Dr. Craven, die groot stukrag agter die span, word ook tesame met die span gelukgewens. Mnr. Phil Weber skryf o.a. aan dr. Craven, „Dit was nou sommer voetbal daardie, en ons voel almal wat Stellenbosch alles aan jou te danke het."

Dit sou onmoontlik wees om hier die ontvangs van al die telegramme en briewe te erken, maar so 'n paar kan wel vermeld word. Telegramme van ds. Cilliers namens al die oud-Maties van Riversdal, twaalf oud-Maties van die Hoër Jongenskool, Paarl; mnr. J. Ackermann, vader van een van die spelers, Annie en Barnie de Villiers namens Queenstown se oud-Maties, mnr. J. J. Strasheim, breier van die Van der Stelspan, veral namens die nege oud-Maties in die span, en nog talle ander oud-Maties en belangstellendes.

# Skermklub Hou Eerste Interklub-Byeenkoms

## *Skerm Uit Hoogste Rakke*

**Skerm uit die hoogste rakke is gelewer toe die Matie-skermspan onlangs hul eerste interklub-byeenkoms met lede van die Kaapse Tegniese Kollege se skermklub gehou het.**

Die meeste van die besoekers was ervare 'skermers terwyl die Stellenbossers meesal beginners is. Geen amptelike wedstryde is gehou nie en die Maties was tevrede om die besoekers as leermeesters te ontvang. Baie kostelike ondervinding is dan ook opgedoen.

Die besoek van Dr. Wilcocks en mnr. S. Harvey, is hoog op prys gestel. Dit is immers 'n teken dat belangstelling van owerheidsweë nie ontbreek nie.

Verblydend was ook die feit dat 'n hele aantal nie-skermers opgedaag het. Die skermklub hoop dat dié belangstelling nie slegs tot toekyk beperk sal wees nie, maar hulle self ook die skermkuns sal beoefen.

Die klub bestaan reeds geruime tyd en herhaalde pogings is gedoen om erkenning te verkry by die Sentrale Sportkomitee. Tot dusver is daar egter g'n sukses daarmee behaal nie.

Nadat die sportkomitee 'n tyd gelede te kenne gegee het dat hulle die klub nie kan erken nie, het die V.S.R. besluit om hand by te sit. Broodnodige hulp is verleen wat die Klub se finansies betref. Hierdie stap van die V.S.R. word hoog gewaardeer.

### AFRIGTING

Die ledetal is op die oomblik 34. Beginners, dames sowel as mans word deur die Klub verwelkom. Die afrigting word waargeneem deur mnr. J. Kelder, wat ook verantwoordelik was vir die stigting van die Klub.

Pogings is aangewend om die dienste van 'n beroepsafrigter te verkry, maar solank daar g'n fondse aan die Klub beskikbaar gestel word nie, is dit feitlik onmoontlik. Intussen word die oefeninge waargeneem deur mnr. Kelder, aan wie alle lof vir die vordering wat reeds gemaak is, toekom.

# Pluimbal ‚Aspoester' Onder Sportsoorte Ontluik

Die twee U.S. pluimbalspanne wat ingeskryf het vir ligawedstryde, het alreeds 'n paar wedstryde gespeel. Die 1ste span het al twee wedstryde en die 2de span reeds vier wedstryde gespeel. En alhoewel beide spanne sover nog verloor het, was die ondervinding vir hulle baie werd.

Alles dui egter daarop dat die bordjies bes moontlik binnekort verhang mag word, veral sodra die spelers mekaar beter begin verstaan. As in aanmerking geneem word dat slegs enkele van die spelers al van te vore aan wedstryde deelgeneem het, dan is die vertonings wat tot dusver gelewer is, soveel te meer lofwaardig. Ook het die skryf van toetse verhoed dat die spanne altyd voltallig aan wedstryde kon deelneem.

Spesiale aanbod vir Kweekskool-studente slegs geldig tot 23 Junie.

Manelpakke na maat gemaak teen die geringe prys van:

£20 11s. 6d. en £21 3s. 6d.

Hier kry u Kwaliteit en die beste waarde vir u geld.

Kom vra om vry monsters. Billike terme kan gereël word.

Ook Ingevoerde Predikants-strikkies en Kerkraadsboordjies.

Boordjies: Prys 27/6.

**GEBRS. DE WET**

KERKDRAG SPESIALITEITE.

Posbus 21 STELLENBOSCH Telefone 20 en 21

Die erkende huis vir beste

KLAVIERE,
RADIOS,
MUSIEKINSTRUMENTE.

Pas ontvang:
Groot besending Grammofoonplate.

**R. MÜLLER (Eiens.) Bpk.**

PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH

Afsonderlike afdeling vir Beste Wapens en Patrone

**PLAAT-OPNAMES**
in SANG, MUSIEK, VOORDRAG, ens.

Laat u stem permanent op 'n plaat aanbring.

* Plate kan op 'n gewone Radiogram gedraai word.
* Resultate is gewaarborg en het reeds goeie toetse deurstaan.
* Plate word beide kante gesny.
* Pryse billik.

EDRICH se FOTOGRAFIESE DIENS

Foon 930 Posbus 174

RYNEVELDSTRAAT

# Is Ons Universiteit Op Die Afdraand?

**Krasse kritiek op die Universiteit is gelewer en hewige bespreking is uitgelok toe die Debatsvereniging verlede Vrydagaand een van sy interessantste debatte van die jaar gehou het. Die onderwerp van bespreking was: „Die Universiteit van Stellenbosch is op alle gebiede besig om agteruit te gaan." Met 47 teen 12 stemme het die vergadering besluit dat dit wel die geval is. Daar was 84 lede teenwoordig, waarvan meer as 20 buite stemming gebly het.**

Mnr. Louis Stofberg, LL.B.-student, het die besprekinge op oortuigende wyse ingelei.

„Ek kan skaars onthou hoeveel mense gedurende die afgelope week aan my gesê het hoe swak my kanse is om hierdie debat te wen nadat die Maties verlede Saterdag die Ikeys so goed die loef afgesteek het," het mnr. Stofberg gesê. Hy het dit as 'n verkeerde houding bestempel om te reken dat solank dit op die sportveld goed gaan dit ook met die Universiteit goed gaan. Spreker verwerp Intervarsity as maatstaf vir die wel en wee van die Universiteit.

### „HELE MENS"

Die maatstaf wat hy vir agteruitgang of vooruitgang wil stel is die produk wat Stellenbosch lewer. Dit is die maatstaf van Robert M. Hutchins wat op dertigjarige leeftyd kanselier van die Universiteit van Chicago geword het. Hy stel naamlik die ideaal van idees teenoor feite. Sy gedagte van opvoeding is die produksie van die „whole man" en nie van die spesialis nie.

Met die gemengde B.A.- en Intermediate-kursusse was Stellenbosch tot omstreeks die jaar 1925 op die spoor van die produksie van hierdie „whole man". Vandag lewer die Universiteit egter net spesialiste. Spreker verwys na die Fakulteit van Ingenieurswese, Landbou en Handelswetenskappe. 'n Vak soos Boekhou hoort nie aan 'n Universiteit tuis nie.

**„Stellenbosch het die begrip van opvoeding in die hoogste en grootste sin skoon kwytgeraak," het spr. gesê. „Hy staar hom blind op die begrip opleiding. Hy lei nie die ,whole man' van Hutchins op nie, maar die verstokte spesialis. Die Universiteit het 'n tegniese kollege — 'n ,Institute of Technicology', soos dié aan die Universiteit van Harvard — geword."**

As verdere argument vir agteruitgang het spr. die inteling („inbreeding") van dosente aan die Universiteit aangevoer. Dit het hy gesê, is 'n gevolg van en verdere oorsaak vir spesialisasie. Die dae dat buitelanders — manne soos dr. Verloren van Themaat en prof. A. C. Bouman — hier aangestel word, is verby.

Daar word gesê dat die Universiteit van Stellenbosch Afrikaans moet bly. Spr. stem daarmee saam, maar hy sal graag die regte balans in die aanstelling van dosente wat vanuit die buiteland kom en dié wat plaaslik gekweek word, wil sien.

„Van binne en buite is daar klagte dat die Universiteitsowerhede die studente te vas hou," het mnr. Stofberg gesê in verwysing na beperkinge op Ontgroening, die hou van Juniordag en studente-strooptogte. Dikwels hoor 'n mens dan ook die bewering dat Stellenbosch 'n „glorified High School" is. Ook die predikatestelsel dui hierop.

### FLOUE STEM

Voorts het spr. daarop gewys hoeveel van die „jongeres onder ons groteres" die Universiteit verlaat. Hier dink spr. aan manne soos prof. J. C. de Wet, prof. D. G. Franzsen, prof. Wagner, prof. Meiring Naude en andere. Baie van ons jongeres gaan maak naam in Kanada en die V.S.A. en keer nie weer terug nie. Die rede hiervoor, reken spr., is dat Stellenbosch op die gebied van die vrye denke nie die regte geleentheid bied nie.

**„Die dae is verby dat die Stellenbosse studente belangrike besluite oor landsvraagstukke neem", het mnr. Stofberg voortgegaan. In die dae van die Viktoria Kollege is betogings deur die studente georganiseer wat soos 'n donderslag deur die land getrek het. Op hierdie gebied is vlg. spreker ongelooflik agteruitgegaan. Sedert die begin van die Tweede Wêreldoorlog het die studente nog net een keer 'n floue stem laat opgaan.**

Ten slotte het spr. die betekenis van die woord „Universiteit" bespreek aan die hand van die definisie in die Chambers-woordeboek, „a university is a corporation of teachers or assemblage of colleges for teaching the **higher** branches of learning."

„Ek volstaan, dames en here", het mnr. Stofberg sy rede afgesluit, „as 'n mens so 'n ding soos Netbal III met Onderskeiding hier kan verwerf, het die Universiteit van Stellenbosch voorwaar tot donker dieptes gedaal."

Mnr. Danie Oosthuizen, M.A.-student in die Filosofie, het die mosie teengestaan. Hy het gesê dat die inleier gelukgewens moet word dat hy so ver gegaan het om te sê dat die Universiteit van Stellenbosch agteruitgegaan het.

Dit is die algemene mening by die studente. „Dit beteken dat die meerderheid van die studente so ver vooruitgegaan het dat hulle kan sê hulle het agteruitgegaan" het mnr. Oosthuizen gesê.

Waar het die inleier die insig gekry om te kan sê dat Stellenbosch agteruitgegaan het? Hy het nie daardie ontwikkeling juis hier gekry nie? „Ons het nou die paradoksale posisie dat Stellenbosch agteruit moes gaan om vooruit te gaan of vooruit moes gaan om agteruit te gaan", het spr. gesê.

### GEEN IDEES

Vandag is die Stellenbosse student 'n klip tussen ander klippe. Spesialisasie het hier juis so ver gevorder omdat Stellenbosch tred moes hou met die wêreld en nie agter 'n hoogsgespesialiseerde wêreld kon raak nie.

**Een van ons grootste idees vandag, het spr. gesê, is dat ons geen idees wil hê nie. Ons wil nie gebonde wees aan idees wat tydelik is nie.**

Die onus om te bewys dat Stellenbosch agteruitgegaan het, berus by die inleier. Spr. het gesê dat hy nie 'n norm kan gee om te bewys dat Stellenbosch vooruitgegaan het nie. Hy moet egter bewys dat Stellenbosch nie agteruitgegaan het nie.

„'n Mens kan nie kleef aan 'n norm uit die verlede nie. So 'n norm kan nie vandag gebruik word nie. As jy kleef aan die norme wat verby is, gaan jy agteruit", het mnr. Oosthuizen afgesluit.

Mnr. Ernie Marais, Kweekskoolstudent, het mnr. Stofberg ondersteun en die stryd oor norme voortgesit. Hy het gesê dat hy as sy norm die woorde van Paulus uit die Skrif haal: „Julle word vleeslik in jul gees, terwyl julle geroep is om geestelik te lewe."

Mnr. Marais het gesê dat die Universiteit van Stellenbosch nie staties kan wees nie. As hy verander moet hy òf vooruit òf agteruit gaan. Alles is organies. Stellenbosch staan in betrekking met hele Wes-Europa waar die na-oorlogse mens vasgeklem is in 'n greep van frustrasie, gejaag na plesier en oor-organisasie. „Sal Stellenbosch so geseënd wees om ook nie in die gees aan hierdie agteruitgang slaaf te wees nie?" het spr. gevra. „Temeer nog so omdat Stellenbosch 'n kunsmatige samelewing is", het hy verklaar.

Die student lewe in sy rede en rede raak maar 'n klein deeltjie van die realiteit aan. Hy het eintlik 'n halwe lewe. Hy ontwikkel in 'n verskrompelde persoonlikheidjie wat 'n mens as rariteit in 'n botteltjie wil sit.

Spr. het gesê dat rasionalisme vir hom 'n teken van agteruitgang is.

### ETIESE TERREIN

Die student kan sy vrye tyd nie gebruik nie, het spr. voorts beweer. Hy is te gewoond daaraan dat al sy plesier vir hom gereël word. As hy vrye tydjie het waaroor hyself kan beskik drentel hy in die strate rond om net nie met sy eie gedagtes besig te wees nie.

**„Ons kan alles herlei na 'n oppervlakkige godsdienssin", het spr. ten slotte gesê. „Godsdiens het slegs 'n sosiale vereiste geword. Stellenbosch hou hom op etiese terrein met dinge besig wat minderwaardig en oppervlakkig is."**

Mnr. Hitler Hanekom, Kweekskoolstudent en tans besig met sy Doktorsgraad in Sielkunde, het mnr. Oosthuizen ondersteun en opnuut 'n stroom van optimisme wat kort-kort uitbundige gelag veroorsaak het, in die debat ingebring. Mnr. Hanekom het dit beklemtoon dat die doel van die Universiteit van Stellenbosch is om ons volk te dien deur gespesialiseerde manne uit te stuur.

Dit is 'n sielkundige feit dat daar altyd van die „goeie oue tyd" gepraat word. „Ek kan dan miskien sê dat agt jaar gelede vir my die goeie oue tyd was", het spr. gesê. „Ek kan u egter verseker dat dit nie die geval was nie. Hierdie argument van die goeie ou dae verval dus."

Spr. het die bewering dat die student nie weet hoe om sy vrye tyd te gebruik nie, ontken. Hy het die aandag op die vinnig groeiende verenigingslewe op Stellenbosch gevestig.

Wat rasionalisasie betref, reken spr. dat dit een van ons aanpassingsmiddels is en dat ons daarsonder wanaangepas sou wees. Die intellek van die Stellenbosse student is nie so ver gevorderd dat hy nie meer van 'n goeie lesing hou nie en dus heel dikwels daarvan wegbly.

„Ek hoop u voel nou 'n bietjie beter — dat u nie werklik so sleg is nie", het mnr. Hanekom gesê. „Eendag sal ons waarskynlik aan die buitewêreld wys dat Stellenbosch wel vooruitgegaan het."

Die onderwerp is vanuit die vloer druk bespreek. Die meeste sprekers het die mosie gesteun.

Nadat repliek gelewer is, is daar tot stemming oorgegaan. Die mosie is met 47 teen 12 stemme aangeneem. Meer as 80 lede was teenwoordig.



**Terwyl hulle aandagtig na die inleier se toespraak luister, maak mnr. Hitler Hanekom (links) vlugtig 'n aantekening en vryf mnr. Danie Oosthuizen (regs) sy ken in diepe oordenking. Hulle was die opposisie by verlede Vrydagaand se debatsvergadering oor die onderwerp, „Ons Universiteit is besig om op alle gebiede agteruit te gaan", gehou is. Die dame op die voorgrond skyn ewe aandagtig te luister.**



**Mnr. Louis Stofberg wat verlede Vrydagaand by die Debatsvereniging se vergadering as inleier opgetree het, is hier aan die woord. Langs hom sit die voorsitter van die Debatsvereniging, mnr. André Hugo. Mnr. Stofberg is deur mnr. Ernie Marais ondersteun.**

SKIET haar vir 'n KAFEE
en
as u haar dan PANORAMA
toe bring sal dit net die
regte ding wees.
Onthou!
CHAT haar in . . .
PANORAMA KAFEE
met die volgende bunkklas
Die Plek Met Die
Matielandgees.

# KOORMUSIEK VAN OU MEESTERS

Koorsang van 'n hoë gehalte is weereens deur die „Melodic Madrigal"-koor onder leiding van dr. Claude Brown, gelewer. Dit het mens weer laat besef watter rykdom van koormusiek die ou meesters vir ons nagelaat het.

In die eerste groepie werke wat uitgevoer is, kan mens veral melding maak van „My Bonnie she Smileth" van Edward German. Die koor het dit baie mooi uitgevoer.

In die tweede groep werke het ons musiek in sy suiwerste vorm gekry. Die harmonie was perfek. Opvallend was ook die duidelikheid van die uitspraak.

Die madrigaal, „The Silver Swan", en die twee „Ayres" wat onbegeleid gesing is, was van die mees geslaagde uitvoerings in die program.

Die koorwerke is afgewissel deur Molly en John Walsh wat twee keer opgetree het in duette vir twee klaviere. Wat hier opvallend was, was die uitstekende ensemble.

# REVOLUSIONISTE WEN IN HUIS-MARAIS

**Sowat veertien dae gelede het die inwoners van Huis-Marais by geleentheid van 'n gewone huisvergadering 'n daadwerklike stap geneem in die rigting wat toentertyd deur Jean Jacques Rousseau aangedui is.**

Die volgende mosie naamlik is aan die huis voorgelê: „Die huiskomitee beskou die bywoning van ontbyt, deur lede van die huis in kamerjaste, op Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae, as behoorlik gekleed."

Van die staanspoor af het die onderwerp warme besprekings uitgelok. Die mosie is voorgestel deur mnr. Elion, namens mnr. Theo Marais. Sy ondersteuner was mnr. Felix Harris.

Daar is aangevoer dat 'n persoon soms 'n bietjie laat slaap op 'n klaslose dag, en dit dan gebeur dat hy sy smaaklike ontbyt moet ontbeer, aangesien daar dan nie nog genoeg tyd vir aantrek, skeer en eet is nie.

Om kamerjaste aan te trek, neem egter nie lank nie en hierdie tydbesparing mag menige jongman die dag instuur met 'n volmaag en 'n glimlag.

„Die gevaar bestaan ook dat as die pinkie gegee word, die hele hand gegryp mag word", het 'n ander gesê. Een van die dae sal daar miskien op aangedring word dat die inwoners moet toegelaat word om net in reënjaste te gaan eet.

Ten spyte van hierdie sterk konserwatiewe verset, het die rewolusioniste darem daarin geslaag om hulle mosie deur te voer. Ons wens hulle alle sukses en gerieflike ontbyte toe.

*Beter Diens Vir*
FIETSE,
RADIOS,
STRYKYSTERS en
GLOEILAMPIES.
*By*
H. VILJOEN
Pleinstraat — Stellenbosch

# HY WOU SY VLEISPASTEI MET „PING-PONG"-BALLETJIE BO-OP BESTEL

**Ons weet almal dat die naam „Matie" nou nog deur die hele Suid-Afrika weerklink. Ons weet ook alles wat met Intervarsity op die veld gebeur het. Maar van die kostelike episodes wat nà die wedstryd plaasgevind het, is die meeste van ons onbewus.**

Gelukkig was een van „Die Matie" se verslaggewers altyd op die spoor. Die gevolg is dat 'n hele paar „stories" onder ons aandag gekom het.

'n Skoenlose Matie het een van sy vriende na die wedstryd raakgeloop, en liefderik omhels. Onder al die opgewondenheid en rumoer na die wedstryd, so het hy toe aan sy vriend vertel, was hy seker dat dit nie net kussings was wat deur die lug getrek het nie. Wat dit anders kon gewees het, weet hy nie, maar hy kon sweer dit was nie net kussings nie.

Op Nuweland se stasie het een Matie by die trein ingeklim, die anderkantse deur oopgemaak, en uit die trein geval. Natuurlik moes hy 'n verklaring vir sy ietwat vreemde handelwyse bied. Hy het toe aangevoer dat die vreeslike gedrang hom van stryk gebring het, en hy derhalwe „heeltemal verstaanbaar" gedink het hy stap deur die duikweg.

'n Hewige rusie het in die „Del Monico" ontstaan. 'n Stoere Matie wou van die kelner weet waarom hy nie 'n vleispasteitjie met 'n „ping-pong"-balletjie bo-op kon bestel nie. Later het „Del Monico" se koffie sy uitwerking begin toon, toe 'n paar manne aan die slaap geraak het op die trappies, terwyl hulle vriende „Slaap rustig, dapper helde" gesing het.



**Dertigduisend toeskouers juig en dosyne kamera's blits toe Con en Mossie, met die aantreklike Ikey-dametjie tussen hulle, hul verskyning op Nuweland maak op Die Groot Dag. Tot watter groot dade Con die Maties aangespoor het, sal hulle tot in die dag der dae onthou. Baie se kele is nou nog hees.**

### LEKKER WORS

By die braaivleis het sake éérs plesierig verloop. Sommige mense was verbaas oor die twee mane wat geskyn het. 'n Ander vriend het 'n stuk rou wors gekoop, en 'n ruk daarna gekla dat hy nog nooit sulke koue, pap wors geëet het nie. Iemand vra hom toe waarom hy dan nie die wors gebraai het nie, en met 'n gemompel van „Ikey-sabotasie" is hy daar weg.

Intussen het 'n paar Maties vir Jan van Riebeeck gaan sing hoe 'n lekker kêrel hy is. En asof dit nie genoeg was nie, het een Matie die Hoofposkantoor vir Dagbreek aangesien en daar gaan slaap. Teen dagbreek is hy egter ontnugter, en het toe enige ding probeer om op Stellenbosch te kom.

So het dit gegaan, en niemand voel sleg daaroor nie, want 'n sewejaar oue dors is geles!

## BURO VAN VERLORE DINGE

**Ons is nou in besit van:**
- 3 Croxley-penne (bruin).
- 1 Conway Stewart-pen.
- 1 Impervo-pen.
- 1 Parker-pen.
- 1 Bruin Oorkrabbertjie.
- 1 Damesbeursie (rooi).

**Ons is op soek na:**
- 1 Sheaffer-potlood met blou dop.
- 1 Donkerblou Parker-potlood met vergulde bandjie en knip.
- 1 Brilhuisie met naam F. Länder.
- 1 Potloodhouer met naam Esther du Toit, Welkom.
- 1 Bril verloor by Volkekunde-gebou.
- 1 Watermans-pen.
- 1 Potloodhouer met naam J. Roux.
- 1 Sheaffer-pen.
- 1 Parker 51-pen.
- 1 Potloodtassie met inhoud, van leër en met ritsluiter.
- 1 Beursie met £7 geld en 2 tremkaartjies.

Kom haal asseblief u goed af by:
**Hitler Hanekom, Dagbreeg 2/36.**

## Fliekkaartjies

De volgende persone kan fliekkaartjies kom afhaal by mnr. Kenney O'Kennedy, Wilgenhof:

**Op Maandag, 29 Mei tussen 1 en 2 nm.:**
Mejj. C. J. Fourie, E. Kotze, B. F. Laubscher, S. Roos, M. J. Strauss, J. van Niekerk, B. J. Botha, E. H. de Wet.
Mnre. P. J. Burger, H. Conradie, P. J. Cronje, L. J. de Jongh, E. P. Evans, A. Kriel, D. J. L. Lutz, O. P. Schoeman.

**Op Maandag, 5 Junie tussen 1 en 2 nm.**
Mejj. S. S. du Toit, A. J. Enslin, L. Kritzinger, C. J. Marais, R. E. Olivier, E. Scheepers, E. Strydom, M. Geldenhuys.
Mnre. F. K. Shone, C. W. Smart, D. K. Strydom, F. J. van der Merwe, F. W. van Heerden, J. van Niekerk, W. R. van der Vyver, A.J. Zeeman.



## Wanneer Mure Praat ..... Oor Bure op Straat .....

Hallo Vrinne,

Na so 'n lekka ou hoge dag soos Saterdag met Intervarsity, kan 'n mens mos weer lekker gesels. Eers moet ek darem simpatiseer met almal wat nie die dronktrein kon haal nie. Ek neem julle nie juis kwalik nie, want die trein het 'n half-minuut voor 12 vertrek, met die gevolg dat ek amper self laat was en tot op die eerste stasie in die „kondukteurswa" moes ry. Mens kan darem nooit op die treintye reken nie. Ons kan ook 'n aksie teen die nalatige kondukteur instel. Verbeel julle, hy het nie eers vir **Jan Loots, Andre du Toit** en **Japie Vermeulen** op Stellenbosch wakker gemaak nie. Dit was hulle storie. Wie weet, miskien het hy probeer en wou hulle niks weet nie . . .??? **Kiep du Plessis** sal seker altyd hierdie Intervarsity onthou, want ek verstaan dat hy 'n lieflike bos blomme vir mej. Niemand van Erensstraat, Nêrens gekoop het. Hy was so besorg oor die „blomme" dat hy selfs met hulle langs hom, die aand gaan slaap het. Ons hoop jy het die drie stingels die volgende dag afgelewer, Kiep. Intervarsity was ook 'n mylpaal in **Jozua Serfontein** se lewe. Dit was die dag waarop hy 'n begin gemaak het met sy „trousseau". Dit bestaan reeds uit 'n hele paar haakspelde — verdere bydraes sal waardeer word. Net so geslaag soos die rugby was, is die Intervarsity-kys van **Hannes Jonker** en **Margie van Rensburg.** Die Maties wat Ikeys se Groot Brag bygewoon het, het dit nog altyd baie geniet. Dis nie ek wat so sê nie; dis mense soos **Sheila Pienaar, Anita van Niekerk, Cecile van Niekerk, Basil Blackburn** en andere wat dit nou nog nie kan vergeet nie. Soms wonder ek of die aantrekkingskrag vir **Hester Conradie, De Vos Rabie** of sy motor was? En **Piet „The Cock"** kraai toe mos die ander aand koning by die Rotunda.

Ons verstaan dat **Ted Ellis** en **Eben Cilliers** groot planne het vir die einde van die jaar. Hulle verlang glo na „rustige huislike lewes". **Andries Carsten** verkies egter sake soos dit is al moet hy elke naweek knaend draadslaan om iemand in die hande te kry.

Soms wonder ek of dit 'n wedersydse belangstelling in Hokkie is wat veroorsaak dat **Oonagh Morris** en **Kingsley** so baie in mekaar se geselskap is. Maar aan die ander kant kan jy tog nie Vrydag, Saterdag en Sondag oor Hokkie gesels nie.

**Lesinda le Roux Preiss** en **Van der Westhuiz**
Die breek toe sommer die ys,
En raak so stil-stil gekys.

Blykbaar dink **Antoinette Moll** dat haar van te kort is en dat die tekort amper deur **Babbalootaakieez** aangevul kan word. Hulle sê altyd: „opposites attract", maar nou kan ek dit nie heeltemal glo as ek aan **Felicity Louw** en **Johann Reynecke** dink nie. Ek sien mos die ander dag vir **Gordon Frank** met 'n geraamte in sy arms by een van die Univ. geboue uitstap. Ek hoop net hy het nie gedink dat dit **Marianne Roussouw** is nie.

„O, lallie!" Dis alleen Wilgenhoffers wat so sê. **Marianne Calitz** kan egter nie help om ook so te sê nie, want dis seker 'n uitdrukking wat sy by Gaatjie geleer het en nie by **Willem Malherbe** nie. As **Elsa Eksteen** swak doen in haar Fisiologietoets sal **Oscar Julyan** seker die skuld kry. Somtyds, (dis vertroulik aan my meegedeel) is sy darem bly dat Simonstad so naby is.

Enige mens kan mos nou darem aan **Henry Nortje** se oë sien dat hy 'n lang naweek agter die rug het. Geluk **Mikie!**

**Lifebre le Roux** bly maar op die **Breë** pad, ek **Koos** dit van die begin af sien kom.

Alles van die beste vir die July Handicap.

Arrie-warrie tot volgende keer,

**RONDLOPER**


„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"
Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt
ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK WIT VIR FILTER
„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"
Kopieres RA 18

SKILFERS??
Ons kan u help.
Verban daardie irriterende gejeuk met „HOUGH SE SKILFERMIDDEL"
Die toenemende aanvraag bewys doeltreffendheid!
STELLENBOSCH-APTEEK
(N. C. HOUGH)
Andringastraat
STELLENBOSCH

Kleurkaarte
Kleurkaarte kan op weeksdae tussen 1.30 en 2 nm. afgehaal word by Mnr. Hitler Hanekom, Seksie 2/36, Dagbreek.

APTEKERS
Probeer Ons
Vir Afdrukke
En Vergrotings
Van U Negatiewe
JOERNING EN SEUN
(EIENS.) BPK.
FOON 24
H/v BIRD- en PLEINSTR.,
STELLENBOSCH

Maties!
Dit Is Herfs!
SUIKERBOSSIE
's die PLEK waar U die gesellige atmosfeer van onderlinge verkeer adem.
Hier klink die lag van Lente en Lewe.
SUIKERBOSSIE
Is ALTYD ons LENTE op Stellenbosch